Tema: Die tragedie van Koning Jesus se intog in Jerusalem - huil jy saam oor jouself?

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Sb 12 - 5: 1
Votum
Seën
Loflied Ps 118 - 2: 7 en 8
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Lukas 19: 28 - 44; Teksvers: 41 - 44.
Belydenis: HK Sondag 15 vr. 37
Sing: Sb 5 - 2: 3,4 en 10 (Mel Ps. 18 eerste melodie)
Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Slotsang Sb 1 - 3: 1,2 (Mel: Aurelia)
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs, srs en kinders

Hierdie gebeure wat ons saam gelees het, speel af op die Sondag voor Christus se kruisiging, met ander woorde, vandag, meer as 2000 jaar gelede. Op hierdie dag vertrek Jesus uit Betanië van Lasarus-hulle af, by wie Hy die sabbatdag deurgebring het, na Jerusalem om die werk waarvoor sy Vader Hom gestuur het af te handel.

Intens bewus van dit wat voorlê, reis Hy saam met honderde ander feesgangers op pad na die Paasfees in Jerusalem. Maar in sy binneste woed die worsteling en lyde oor dit wat besig is om te gebeur en wat die komende week gaan uitloop op sy kruisiging. Wat was hierdie innerlike lyding wat Jesus ervaar het? Dat hierdie volk wat God uitgekies het om sy volk te wees, die volk wat Hy, Christus liefhet, dat hulle die genade en liefde van God wat Hy aan hulle beloof het en wat Hy in Christus gegee het, finaal gaan vertrap.

Dat hulle deur hulle geestelike blindheid nie besef het dat hulle besig is om die Messiaskoning mis te kyk nie. Hulle eie sonde en geestelike verhardheid het gemaak dat hulle Hom nie as Verlosser kon raaksien nie. Hulle het na ’n ander tipe verlosser gesoek wat hulle kon verlos op 'n wyse wat hulle wou hê. Ten spyte van Jesus se hele bediening, sy prediking, sy selfopenbarings, sy wonderwerke en selfs God se stem uit die hemel het hulle nie in Hom geglo nie. Dit is die dinge wat in sy binneste woed as hulle so op pad is na Jerusalem.

Br. en sr. so dikwels fokus ons in die lydingstyd met Paasfees net op die fisiese lyding van Christus. Ons hoor aangrypende preke oor die doringkroon, die lyfstraf, die liggaamlike geweld van die kruising en die fisieke lyding maar dikwels vergeet ons dat Hy ook in sy siel gely het vir ons.

Daarom dat vr. 37 van die Kategismus dit duidelik byvoeg: dat Hy na sy siel ook die toorn van God oor ons sonde moes dra en veral aan die einde was hierdie sielestryd baie intens.
Daarom is die intog in Jerusalem ook ’n tragedie – want die triomferende Koning huil oor sy volk! Hy ly aan sy siel vir sy volk!

Hier is Hy op pad na Jerusalem om sy lewe vir hierdie volk af te lê sodat hulle met God versoen kan word en niemand verstaan dit nie. Nog ergerr, die grootste meerderheid van die volk wil dit nie hê nie. Hulle verwerp hom as hulle Verlosser en wil hom doodmaak. Soos Hy daar op pad was na Jerusalem, was daar 'n losprys op sy kop. Informante moes die Joodse Raad op hoogte hou van sy bewegings en hulle het 'n geleentheid gesoek om Hom dood te maak. Hierdie groot optog en die openbare reaksie wat dit sou ontlok by Jood en Romein het Hom dadelik in die spervuur geplaas.

Bewus hiervan en ten spyte van sy worsteling oor sy mense se verwerping, wil Christus aan hulle nog 'n kans gee om Hom te erken as die Messias. Sy liefde vir hulle en die opdrag wat Hy van die Vader gekry het dwing Hom om hulle nog 'n kans te gun. Hy wil hulle nog tyd gun om tot inkeer te kom en God se liefde te erken en te glo.

Daarom stuur Hy sy dissipels om vir Hom 'n esel te gaan haal waarmee Hy Jerusalem kan binnery. Miskien sal die vervulling van die belofte uit Sag. 9:9 hierdie volk oortuig dat Hy werklik die Messias is. Die volk het die belofte uit Sagaria 9:9 baie goed geken . “Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom.Hy is regverdig en hy is ’n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op ’n donkie, op die hingsvul van ’n donkie.”
Dalk sal dit hulle oortuig as hulle Hom so op die esel sien binnery dat Hy wel daardie Koning van Israel is wat kom om sy volk van hulle sondes te verlos.

Die groter kring van dissipels en die skare wat saam met Hom gereis het, het dit dadelik begryp. Hier gaan die belofte van Sagaria 9 nou voor hulle oë in vervulling en dadelik begin hulle met groot blydskap Christus met lofliedere vereer. Hulle behandel Hom soos 'n koning, gooi klere en groen takke voor Hom uit en besing Hom as die Koning wat deur God gestuur is en wat nou vrede vir hulle gaan bring. Hulle juig en jubel!

Maar dan: die oomblik wanneer Christus oor die kruin van die berg kom en die hele Jerusalem met al sy glorie, die allesoorheersende tempel, sy grootheid en prag sien, dan bars Hy in trane uit. Te midde van die feestelike skare, begin Jesus huil. Hy huil oor Jerusalem, simbool van God se volk, simbool van die kerk, wat God se genadetyd verspeel het. Hulle het nie besef dat God in Christus, die Jesus van Nasaret, na hulle toe gekom het om hulle te red nie.

Hy huil oor 'n sending wat in sekere sin misluk het. God se eie volk, die verlore skape van Israel wat Hy bymekaar moes kom maak, het die geleentheid gemis en sy opofferende liefde vertrap.
Israel is verlore. Nou sal God se oordeel hulle tref. Dit wat Jesus in verse 43 en 44 voorspel het waar geword in 70 nC toe die Jode in opstand gekom het en die Romeinse keiser opdrag gegee het dat Jerusalem vernietig moet word. Toe is God se oordeel oor daardie geslag voltrek.

’n Oordeel wat die volk oor hulleself gebring het omdat hulle God se genadetyd nie gebruik en verstaan het nie. En dis Christus se sielestryd en lyding: vir hulle het Hy in die eerste plek gekom, vir hulle gaan Hy sterf en tog gaan hulle verlore. Hy het eerstens gekom om die verlore skape van Israel bymekaar te maak, maar hulle wou Hom nie volg nie! Jesus huil oor hulle in-sonde-vasgevangde lewe waarvoor Hy moet betaal en waarvan Hy hulle wou red.

Maar Hy huil ook oor sy volgelinge, sy eie dissipels . Hulle wat nou so vrolik sing dat Hy hulle Koning is, maar nie verstaan wat sy Koningskap behels nie, naamlik dat Hy sy lewe vir hulle moet aflê, sodat hulle die ware vrede nl. versoening met God kan ervaar. Die vrede waarvan hulle sing het by hulle die herinnering van die Ou Testamentiese ryk van Dawid opgeroep. Toe Dawid al sy vyande verower het en daar vrede in die land was. Hulle hoop was op ŉ Koning wat hulle van die Romeinse ryk kon bevry en vrede kon bring! Hulle het gedink hierdie koninklike intog in Jerusalem kondig die begin van daardie vrede aan.

Maar hulle het nie die betekenis van die esel verstaan nie. 'n Koning het in daardie tyd, wanneer Hy op oorlog gegaan het, op 'n perd gery om sy oorwinning te versimboliseer. Maar Christus kom nederig op 'n esel Jerusalem ingery omdat die vrede wat Hy bring nie by wyse van oorlog bewerkstellig sou word nie, maar by wyse van oorgawe aan die kruis. En daaroor huil Hy want hulle verstaan dit nie.

Br. en sr. ons kan op menslike vlak iets kleins van hierdie sielestryd begryp. Wanneer ons baie dinge opoffer vir ander mense en hulle dit nie begryp of waardeer nie, dan is ons vir hulle kwaad en voel verontreg. Waarom sal ek dan bly liefde gee en bly doen wat ek doen as die ander die nie wil erken en waardering toon nie? So redeneer ons. Nog baie dieper was Jesus se pyn om die lofsange te hoor, maar te huil oor die volk wat nie verstaan wat hulle doen nie.

Maar Hy moes hierdie tragiese pad loop. Hy moes hierdie hartverskeurende emosies en sielestryd oor sy verwerping, sy dissipels se misverstaan en die volk se ongeloof deurstaan, sodat ons vandag kan verstaan en begryp hoe lief God ons het en wat Christus vir ons gedoen het. Ons sien hierdie lyding aan sy siel verdiep in die week wat sou volg: sy gesprekke met die leiers om die hart van Israel, sy woede oor hulle ongeloof, die verraad van Judas aan die Nagmaaltafel! Die nag in Getsemane – die gebed op sy knieë waar sy trane soos druppels val. Die verraad van Petrus, die volk wat skree en uiteindelik aan die kruis: My God, My God, waarom het U my verlaat!

Hy moes dit doen om ook vir ons genadetyd te bewerkstellig. Die Jode het nie God se genadetyd in Christus wou gebruik nie. Dit was die rede vir daardie geslag se oordeel in 70 nC. Die woordjie “tyd” in die teksverse is baie belangrik. Die woord wat Jesus in vers 44 vir tyd gebruik is die Griekse woord "kairos" wat beteken: 'n gunstige tydperk om keuses te maak en verantwoordelikheid na te kom. (Herhaal.)

Die volk het daardie “Karois-tyd” vir hulle onbenut laat verbygaan en dit het 'n sielestryd in Christus ontketen. 'n Stryd wat Hy ter wille van ons deurgevoer het, sodat ons vandag ook kairos-tyd mag geniet. Gunstige tyd om te sien wat God in Christus vir ons gedoen het en dit te begryp. Dat God die oordeel van ons sonde op Christus laat neerkom het sodat ons vrygespreek kan word.

Gunstige tyd om deur die genade-werking van die Heilige Gees ons eie geestelike blindheid te erken en aan Christus vas te gryp!
Miskien, brs en srs, moet ons saam met Christus huil oor onsself. Soek ons nie ook vandag na 'n Messias wat aan ons verwagtinge voldoen nie? 'n Messias wat op 'n perd ry en alles in my lewe regmaak. 'n Messias wat die eise van vandag vir my te bowe kan kom, nie 'n Messias op 'n esel nie. Dis 'n te eenvoudige Evangelieboodskap. Nie 'n Messias wat gehuil en aan die kruis gesterf het nie, maar 'n sterk en kragtige held wat die lewe vir my beter kan maak! aangenaam kan maak.

Nie 'n Verlosser, as ek in Hom glo, wat ook van my opofferinge en lyding gaan verwag nie, maar 'n geloofslewe waarin alles mooi en reg is.

Maar, geliefdes, hierdie gebeure is juis opgeteken om ons te waarsku: moet Jesus nie miskyk nie! Moenie soek na ŉ aardse verlosser nie! Sien raak hoe en wat God deur Christus gedoen het, want dit is wat jy nodig het. Huil oor jou eie onvermoë sodat Christus vir jou alles kan wees!

Br. en sr. moet dus nie hierdie sielelyding van Christus verag en die genadetyd van God verspeel nie. God doen nog daagliks groot dinge in ons lewe, net soos Christus dit in daardie tyd in die midde van sy volk gedoen het. Hy vergewe my my sonde, Hy laat my na myself kyk as 'n Petrus en my vasgryp aan sy genade.

Hy hou my vas en troos my in tye van nood en besoeking. Hy versorg ons in ons daaglikse behoeftes. Hy bring tye en geleenthede waar ons ook soos die skare op daardie dag moet getuig van die vervulling van God se beloftes sonder om terug te diens of om in die boodskap van die Evangelie te twyfel.

Hy werk kragtig deur die Heilige Gees in my hart om my eie wil neer te lê en na God se wil te lewe. Hy gee sy Woord waarin ek elke kan sien en hoor wat Christus vir my wil sê.

Ons moenie hierdie genadewerk- en tyd van God by ons laat verbygaan nie. Erken dit en gryp dit vas in die geloof. Moenie geestelik blind wees soos Israel en soek na iets wat jou in die oordeel van God kan bring nie. Sien die werke van God raak, luister na sy roepstem en erken sy Koningskap deur gehoorsaam voor hom te lewe.

Want so bring Christus se sielestryd ware vrede in jou siel, sodat jy nie in sielestryd hoef te verkeer oor jou verlossing nie. Nou en ook nie op die dag as Hy weer kom en hierdie genadetyd dan vir ewig verby is. Gryp dit nou aan.
Moenie dat dit eendag blyk dat Jesus verniet daardie Sondag oppad na Jerusalem oor mense soos ons gehuil het nie.

Amen.